



GRAAD 11 EKSAMEN
NOVEMBER 2007

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II
SKRYFVRAESTEL**

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur

100 punte

Die nasienriglyne is 'n werksdokument wat voorberei is vir gebruik deur onderwysers omdat hulle die Graad 11-vraestelle nasien.

Daar mag wel verskillende interpretasies van die nasienriglyne wees, maar die onderwyser moet so na as moontlik by die voorgestelde riglyne hou. Indien daar twyfel bestaan, moet die onderwyser 'n ander werkgroeplid of die betrokke Asseseringspesialis kontak.

AFDELING A

VRAAG 1 & 2 Verwerk die punt na 'n punt uit 10.

Kriteria	Kode 7 Uitmuntend 14-15	Kode 6 Verdiensielik 12-13	Kode 5 Bevredigend 10-11	Kode 4 Voldoende 7-9	Kode 3 Gemiddeld 5-6	Kode 2 Basies 3-4	Kode 1 Ontoereikend 0-2
Beplan, organiseer idees	Deeglike beplanning. Interpretasie van vereistes van opdrag toon deeglike insig.	Baie goeie beplanning en interpretasie van die vereistes van die opdrag.	Goeie beplanning en interpretasie van die vereistes van die opdrag.	Bewys van beplanning. Voldoen aan die meeste vereistes van die opdrag.	Beplan in 'n mate. Voldoen in 'n mate aan vereistes van opdrag en tekssoort.	Beperkte bewyse van beplanning. Gee min aandag aan vereistes van opdrag en tekssoort.	Min bewyse van beplanning. Sukkel met vereistes van opdrag en tekssoort.
Standpunt/ argument en gepaste motivering uit die teks as geheel	Geldige en omvattende, persoonlike standpunt/ argument en vertolking van die onderwerp. Ten volle gemotiveerde verwysings na die teks.	Geldige standpunt/ argument oor die onderwerp. Baie goeie gemotiveerde verwysings na die teks.	Geldige standpunt/ argumente oor die onderwerp. Bewyse aansienlik gemotiveer uit die teks.	Bevredigende standpunt/ argumente. Bewyse redelik gemotiveer uit die teks.	Standpunt/argument toon verbokkeling, wat samehang en logiese ontwikkeling steur. Min bewyse uit teks.	Ongeldige standpunt/ argument. Geen of min motivering. Leerder begryp nie die opdrag nie.	Ongeldige standpunt/ argument. Algehele mistasting van onderwerp. Leerder het duidelik nie die teks gelees nie.
Kritiese respons op die teks met betrekking tot die hoofkenmerke van die genre, taalgebruik en styl	Sensitiewe en gesofistikeerde interaksie met die teks. Leerder begryp die betekenis van die teks ten volle. Vraag is uitstekend beantwoord.	Sensitief t.o.v. letterkundige aspekte van die teks. Baie bewyse dat leerder betekenis van die teks goed begryp. Vraag is baie goed beantwoord.	Redelik sensitief t.o.v. letterkundige aspekte van die teks. Bewyse dat leerder betekenis van teks goed begryp. Vraag is taamlik volledig beantwoord.	Gemiddelde kennis van letterkundige aspekte. Taamlik bewyse van begrip van die betekenis van die teks. Aanvaarbare persoonlike vertolking.	Leerder ignoreer grootliks verwysings na styl, tema, agtergrond, taalgebruik en karakter. Min bewyse van persoonlike vertolking.	Verkeerde vertolking van teks m.b.t. styl, tema, agtergrond, taal-gebruik, karakter. Min bewyse van persoonlike respons. Blote oorvertel van storie.	Heeltemal van die onderwerp af. Voldoen nie aan kriteria nie, waarskynlik omdat leerder nie die teks gelees het of glad nie verstaan nie.
Akkurate skryfstyl (woordeskate, leestekens, sinstrukture, stylmiddels)	Buitengewone, gesofistikeerde en fyn afgeronde respons. Gebruik van effektiewe stylmiddels. Baie min of geen foute nie.	Baie goeie en afgeronde respons. Die taal en styl verhoog die waarde van die skryfstuk. Min foute.	Goeie en aansienlik afgeronde respons. Taal en styl dra by tot waarde van die skryfstuk. Min foute.	Aanvaarbare respons. Taal en styl is bevredigend, maar nie sprankelend nie. Foute beïnvloed nie interpretasie van teks nie.	Redelike respons. Foute beïnvloed die interpretasie van teks. Doodgewone skryfstyl; heelwat taalfoute.	Byna geen gepaste respons nie. Baie foute, wat betekenis van die antwoord beïnvloed.	Inhoud is nie ter sake nie. Moeilik om te volg of betekenis te verstaan a.g.v. foute.

VRAAG 3 Verwerk die punt uit 30 na 'n punt uit 20.

Kriteria	Kode 7 Uitmuntend 28-30	Kode 6 Verdiensielik 24-26	Kode 5 Bevredigend 20-22	Kode 4 Voldoende 14-18	Kode 3 Gemiddeld 10-12	Kode 2 Basies 6-8	Kode 1 Ontoereikend 0-4
Beplan, organiseer idees	Deeglike beplanning. Interpretasie van vereistes van opdrag toon deeglike insig.	Baie goeie beplanning en interpretasie van die vereistes van die opdrag.	Goeie beplanning en interpretasie van die vereistes van die opdrag.	Bewys van beplanning. Voldoen aan die meeste vereistes van die opdrag.	Beplan in 'n mate. Voldoen in 'n mate aan vereistes van opdrag en tekssoort.	Beperkte bewyse van beplanning. Gee min aandag aan vereistes van opdrag en tekssoort.	Min bewyse van beplanning. Sukkel met vereistes van opdrag en tekssoort.
Kritiese respons op die teks soos blyk uit verwysings na die issues, tema, karakter	Sensitiewe en gesofistikeerde interaksie met die teks. Leerder begryp die betekenis van die teks ten volle. Ten volle gemotiveerde verwysings na die teks. Vraag is uitstekend beantwoord.	Sensitief t.o.v. die letterkundige aspekte van die teks. Baie bewyse dat die leerder die betekenis van die teks goed begryp. Baie goeie gemotiveerde verwysings na die teks. Vraag is baie goed beantwoord.	Redelik sensitief t.o.v. die letterkundige aspekte van die teks. Bewyse dat leerder die betekenis van die teks goed begryp. Bewyse aansienlik gemotiveer uit die teks. Vraag is taamlik volledig beantwoord.	Gemiddelde kennis van letterkundige aspekte. Taamlik bewyse van begrip van die betekenis van die teks. Aanvaarbare persoonlike vertolking.	Leerder ignoreer grootliks verwysings na tema, agtergrond en karakter. Min bewyse van 'n persoonlike vertolking. Min bewyse uit teks.	Verkeerde vertolking van teks m.b.t. tema, issues en karakter. Byna geen bewyse van 'n persoonlike respons nie. Blote oorvertel van storie. Leerder begryp nie die opdrag nie.	Heeltemal van die onderwerp af. Nie in staat om aan die kriteria te voldoen nie, waarskynlik omdat die leerder nie die teks gelees het of glad nie verstaan nie.
Kritiese respons op die teks met betrekking tot die hoofkenmerke van die genre, taalgebruik en styl	Sensitiewe en gesofistikeerde interaksie met die teks. Leerder begryp die betekenis van die teks ten volle. Vraag is uitstekend beantwoord.	Sensitief t.o.v. letterkundige aspekte van die teks. Baie bewyse dat leerder betekenis van die teks goed begryp. Vraag is baie goed beantwoord.	Redelik sensitief t.o.v. letterkundige aspekte van die teks. Bewyse dat leerder betekenis van teks goed begryp. Vraag is taamlik volledig beantwoord.	Gemiddelde kennis van letterkundige aspekte. Taamlik bewyse van begrip van die betekenis van die teks. Aanvaarbare persoonlike vertolking.	Leerder ignoreer grootliks verwysings na styl, tema, agtergrond, taalgebruik en karakter. Min bewyse van persoonlike vertolking.	Verkeerde vertolking van teks m.b.t. styl, tema, agtergrond, taalgebruik, karakter. Min bewyse van persoonlike respons. Blote oorvertel van storie.	Heeltemal van die onderwerp af. Voldoen nie aan kriteria nie, waarskynlik omdat leerder nie die teks gelees het of glad nie verstaan nie.
Helder, duidelike skryfstyl soos gepaste gebruik van woordeskat, leestekens en sinstrukture	Buitengewone, gesofistikeerde en fyn afgeronde respons. Gebruik van effektiewe stylmiddels. Baie min of geen foute.	Baie goeie en afgeronde respons. Die taal en styl verhoog die waarde van die skryfstuk. Min foute.	Goeie en aansienlik afgeronde respons. Taal en styl dra by tot waarde van die skryfstuk. Min foute.	Aanvaarbare respons. Taal en styl is bevredigend, maar nie sprankelend nie. Foute beïnvloed nie interpretasie van teks nie.	Redelike respons. Foute beïnvloed die interpretasie van teks. Doodgewone skryfstyl; heelwat taalfoute.	Byna geen gepaste respons nie. Baie foute, wat betekenis van die antwoord beïnvloed.	Inhoud is nie ter sake nie. Moeilik om te volg of betekenis te verstaan a.g.v. foute.
Kreatiwiteit en oorspronklikheid	Besonder treffend. Die volgende is opvallend: - verbeelding - opregtheid - oorspronklikheid	Knap. Baie gepaste gebruik van: - verbeelding - opregtheid - oorspronklikheid	Goed. Gepaste gebruik van: - verbeelding - opregtheid - oorspronklikheid	Gepaste gebruik van: - verbeelding - opregtheid - oorspronklikheid	Geringe gebruik van: - verbeelding - opregtheid - oorspronklikheid	Baie beperkte gebruik van: - verbeelding - opregtheid - oorspronklikheid	Geen sprake van: - verbeelding - opregtheid - oorspronklikheid

AFDELING B

VRAAG 4 Verwerk die punt uit 30 na 'n punt uit 20.

Nasienskaal: Brief

		Uitmuntend	Verdiensielik	Beduidend	Voldoende	Matig	Basies	Ontoereikend
Brief 30 punte	TAAL	Alle formaat-vereistes is toegepas. Teks is grammatikaal korrek en goed saamgestel. Woordkeuse is van hoogstaande standaard en uiters geskik vir die doel, gehoor en konteks. Styl, toon, register is baie toepaslik. Na proeflees en redigering is teks feitlik foutvry. Lengte korrek.	Reëls van betrokke formaat is toegepas. Teks is goed saamgestel en korrek. Woordkeuse is meestal geskik vir die doel, gehoor en konteks. Styl, toon en register is meestal toepaslik vir die vereistes van die teks. Na proeflees en redigering is teks grootliks foutvry. Lengte korrek.	Die meeste van die formaat-vereistes van teks is toegepas. Teks is goed saamgestel en lees maklik. Woordkeuse is toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks. Styl, toon en register is algemeen toepaslik. Na proeflees en redigering is teks meestal foutvry. Lengte korrek.	Voldoen aan formaat-vereistes van teks. Teks is so saamgestel dat dit maklik lees. Foute beïnvloed nie leesbaarheid nie. Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks. Styl, toon en register is taamlik toepaslik. Na proeflees en redigering het teks foute. Lengte korrek.	Toon 'n matige idee van die teksformaat – nalatige foute. Teks is elementêr saamgestel. Verskeie foute. Woordkeuse is beperk en nie baie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. Gebreke in styl, toon en register. Na proeflees en redigering het teks verskeie foute. Lengte te lank of te kort.	Toon 'n vae idee van die teksformaat – baie nalatige foute. Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg. Woordkeuse het remediëring nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. Styl, toon en register nie geskik nie. Teks besaai met foute en deurmekaar t.s.v. proeflees en redigering. Lengte te lank of te kort.	Geen vereistes toegepas nie. Teks is swak saamgestel; baie moeilik om te volg. Woordkeuse kort ernstige remediëring; nie toepaslik vir doel, gehoor of konteks nie. Styl, toon en register nie geskik nie. Teks besaai met foute en deurmekaar t.s.v. proeflees en redigering. Lengte ver te lank of te kort.
INHOUD		Kode 7: 80-100%	Kode 6: 70-79%	Kode 5: 60-69%	Kode 4: 50-59%	Kode 3: 40-49%	Kode 2: 30-39%	Kode 1: 00-29%
Uitmuntend Gespesialiseerde kennis van vereistes vir teks. Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwyking nie. Algehele samehang in terme van inhoud en idees, alle besonderhede ondersteun onderwerp.	80-100% Kode 7	24 - 30	23 – 25	21 – 23				
Verdiensielik Goeie kennis van vereistes vir teks. Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus; feitlik geen afwyking nie. Inhoud en idees is samehangend; al die besonderhede ondersteun die onderwerp.	70-79% Kode 6	23 – 25	21 – 23	20 – 22	18 – 20			

<p>Beduidend Redelike kennis van vereistes van teks. Skryfwerk – leerder behou fokus; geringe afwyking. Inhoud en idees is meestal samehangend; besonderhede ondersteun die onderwerp.</p>	<p>60-69% Kode 5</p>	<p>21 – 23</p>	<p>20 – 22</p>	<p>18 – 20</p>	<p>17 – 19</p>	<p>15 - 17</p>		
<p>Voldoende Voldoende kennis van vereistes van teks. Skryfwerk – leerder wyk af van onderwerp, maar belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. Inhoud en idees is samehangend; besonderhede ondersteun die onderwerp.</p>	<p>50-59% Kode 4</p>		<p>18 – 20</p>	<p>17 – 19</p>	<p>15 - 17</p>	<p>14 – 16</p>	<p>12 – 14</p>	
<p>Matig Matige kennis van vereistes van teks, reaksie op teks vertoon 'n beperkte fokus. Skryfwerk: leerder wyk af, belemmer betekenis van teks plek-plek. Inhoud en idees van teks is nie altyd samehangend nie; basiese besonderhede ondersteun die onderwerp soms.</p>	<p>40-49% Kode 3</p>			<p>15 - 17</p>	<p>14 – 16</p>	<p>12 – 14</p>	<p>11 – 13</p>	<p>09 – 11</p>
<p>Basies Basiese kennis van vereistes van teks, reaksie op teks vertoon 'n baie beperkte fokus. Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks plek-plek nie van toepassing nie. Inhoud en idees van teks is nie altyd samehangend nie, min besonderhede ondersteun die onderwerp.</p>	<p>30-39% Kode 2</p>				<p>12 – 14</p>	<p>11 – 13</p>	<p>09 – 11</p>	<p>02 – 09</p>
<p>Ontoereikend Geen kennis van vereistes vir teks nie. Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks nie van toepassing nie. Inhoud en idees nie samehangend nie, baie min besonderhede ondersteun die onderwerp.</p>	<p>00-29% Kode 1</p>					<p>09 – 11</p>	<p>02 – 09</p>	<p>00 – 08</p>

VRAAG 5 DAGBOEKINSKRYWINGS: Rubriek

LU3 en LU 4	KODE6 Uitmuntend	KODE5 Met meriete	KODE4 Aansienlik	KODE 3 Taamlik goed	KODE 2 Redelik	KODE 1 Elementêr	KODE 0 Presteer nie
10 Beplan, organiseer idees. Interpretasie van opdrag	10 9½ 9 8½ 8 Deeglike beplanning. Interpretasies van vereistes van die opdrag toon deeglike insig.	7½ 7 Baie goeie beplanning en interpretasie van die vereistes van die opdrag.	6½ 6 Goeie beplanning en interpretasie van die vereistes van die opdrag.	5 ½ 5 Bewys van beplanning. Voldoen aan die meeste vereistes van die opdrag.	4 ½ 4 In 'n mate beplan. Voldoen in 'n mate aan vereistes van opdrag en tekssoort.	3 ½ 3 Beperkte bewyse van beplanning. Baie min aandag aan vereistes van opdrag en tekssoort.	2½ 2 1½ 1 ½ 0 Baie min bewyse van beplanning. Sukkel baie met vereistes van opdrag en tekssoort.
10 Ontwikkeling van idees en argumente, onderwerp, inhoud en gepaste lengte	10 9½ 9 8½ 8 Idees en argumente volgehoue, oortuigend en kreatief ontwikkel. Onderwerp ontwikkel doeltreffend. Korrekte lengte.	7½ 7 Idees en argumente baie goed volgehoue, oortuigend en kreatief ontwikkel. Baie goeie interpretasie en ontwikkeling van die onderwerp. Korrekte lengte.	6½ 6 Idees en argumente word volgehoue, oortuigend en soms kreatief ontwikkel. Goeie interpretasie en ontwikkeling van die onderwerp. Korrekte lengte.	5 ½ 5 Idees en argumente taamlik volgehoue en oortuigend ontwikkel, maar met min kreatiwiteit. Voldoende ontwikkeling en interpretasie van die onderwerp. Korrekte lengte.	4 ½ 4 Idees en argumente in 'n mate volgehoue en oortuigend ontwikkel, maar met min kreatiwiteit. Redelike ontwikkeling en kennis van die onderwerp. Lengte redelik korrek.	3 ½ 3 Beperkte idees en argumente, en meesal onoortuigend ontwikkel en soms ontoepaslik. Beperkte kennis en ontwikkeling van onderwerp. Te lank/Te kort.	2½ 2 1½ 1 ½ 0 Idees en argumente ontwikkel beswaarlik. Kan nie volgehoue of oortuigend skryf nie. Onderwerp verkeerd geïnterpreteer. Verreweg te lank/te kort.
10 Register/styl toonaard, konteks en formaat volgens vereistes	10 9½ 9 8½ 8 Register vaardig gebruik en 'n duidelike persoonlike styl volg. Subtiële gebruik van toonaard wat teks buitengewoon verbeter. Vereistes deeglik toegepas.	7½ 7 Register baie goed gebruik en toon heelwat bewys van persoonlike styl. Verandering van toonaard baie goed beheer. Vereistes korrek toegepas.	6½ 6 Register goed gebruik en toon bewys van persoonlike styl. Verandering van toonaard voldoende beheer. Vereistes korrek toegepas.	5 ½ 5 Register bevredigend gebruik en toon soms bewys van persoonlike styl. Verandering van toonaard voldoende gebruik. Vereistes bevredigend toegepas.	4 ½ 4 Register en styl gebruik, maar neig soms na gewoon/ stereotiep. Veranderde toonaard in 'n mate gebruik. Vereistes redelik toegepas.	3 ½ 3 Register kwalik gepas volgens doel en toon. Beperkte bewys van 'n persoonlike styl. Vereistes in 'n mate toegepas.	2½ 2 1½ 1 ½ 0 Baie beperkte bewustheid toon van gepaste register, styl of uitdrukkingsvermoë. Vereistes nie toegepas nie.
10 Woordeskat, sinstrukture, sinsoorte, spelling, punktuasie en kritiese taalbewustheid	10 9½ 9 8½ 8 Uitmuntende woordeskat, frases en oorspronklike woordkeuse. Gesofistikeerde, kreatiewe, korrekte gebruik van 'n verskeidenheid sinstrukture en -soorte en woordorde. Baie min spel- en leestekenfoute.	7½ 7 Baie goeie woordeskat, frases en oorspronklike woordkeuse. Kreatiewe en korrekte gebruik van 'n verskeidenheid sinstrukture en -soorte en korrekte woordorde. Min spel- en leestekenfoute.	6½ 6 Goeie woordeskat, frases en taamlik oorspronklike woordkeuse. Goeie gebruik van verskillende sinstrukture en -soorte, maar woordorde is soms verkeerd. Min spel- en leestekenfoute.	5 ½ 5 Voldoende woordeskat, frases en soms oorspronklike woordkeuse. Taamlike beheer van grammatika, maar gebruik minder sinstrukture en -soorte en woordorde is dikwels verkeerd. Taamlik spel- en leestekenfoute.	4 ½ 4 Voldoende woordeskat en frases, maar min bewys van oorspronklike woordkeuse. Beheer grammatika redelik, maar gebruik slegs alledaagse sinstrukture en -soorte. Heelwat woordorde, spel- en leestekenfoute, maar beïnvloed nie betekenis.	3 ½ 3 Beperkte gebruik van woordeskat en frases en toon beperkte oorspronklike woordkeuse. Beperkte beheer van grammatika en gebruik basiese sinstrukture selde korrek. Baie spel- en leestekenfoute wat betekenis verwring.	2½ 2 1½ 1 ½ 0 Baie beperkte gebruik van woordkeuse en frases en geen bewys van oorspronklike woordkeuse nie. Byna geen beheer van grammatika nie en sukkel baie om sinstrukture en -soorte te gebruik. Ernstige spel- en leestekenfoute wat betekenis verwring.
10 Redigering, proeflees en aanbieding	10 9½ 9 8½ 8 Duidelike bewys van onafhanklike hersiening en redigering. Uitmuntende afgeronde, byna foutlose teks. Indrukwekkende aanbiedingswyse.	7½ 7 Duidelike bewys van onafhanklike hersiening en redigering. Deeglike proeflees verbeter werk en skakel meeste foute uit. Baie goeie aanbiedingswyse.	6½ 6 Bewys van onafhanklike hersiening en redigering. Proeflees verbeter werk en skakel meeste foute uit. Goeie aanbiedingswyse.	5 ½ 5 Taamlik bewys van onafhanklike hersiening en redigering. Taamlik foute tydens proeflees verbeter. Gepaste aanbiedingswyse.	4 ½ 4 Bewys van hersiening en redigering. Slegs enkele foute is tydens proeflees verbeter. Redelike geslaagde aanbiedingswyse.	3 ½ 3 Ooglopende foute hersien en bloot gekorrigeer. Redigering ontbreek wat leesbaarheid van teks bemoeilik. Redelike aanbiedingswyse.	2½ 2 1½ 1 ½ 0 Baie foute wat betekenis verwring. Kan nie eie werk hersien of redigeer nie. Eerste weergawe is bloot oorgeskrif. Swak aanbiedingswyse.